



BO: Lila bloeisels versier die hoeke van dié tafeldoek.



LINKS: Seringbloeisels in 'n sirkel gerangskik, lyk besonder mooi op dié tafeldoek. Dieselfde blinkertjiemotief sal trefend lyk op 'n kussing ook.



REGS: Lewensgroot patroon op bl. 139


MET SERING EN MIMOSA AAN TAFEL

SERING- en mimosabloeisels wat uit baie klein blommetjies bestaan, is ideaal om met blinkertjie-borduurwerk nageboots te word. Elke blommetjie word deur 'n kraletjie wat ook dien om die blinkertjie vas te hou, gevorm. Indien jy voel dat blinkertjies die duursaamheid van die tafeldoek sal benadeel omdat dit nie so dikwels gewas kan word nie, kan die blomme ook met kettingsteek geborduur word. Die motiewe word op dun materiaal nage trek, of, indien dik materiaal gebruik word, word deurslagpapier op die materiaal geplaas en die motief daarop geplaas en nage trek.

TAFELDOEK MET SERINGTAKKIES

BENODIGDHEDE: 4 stringe groen borduurgare, 1 string violet; lila blinkertjies met deursnee van 8, 6 en 5 mm; violet kraletjies; 1,80 x 1,80 m fletsblou batis.

BLAAI OM



BO: Die mimosamotiewe is besonder mooi aanbring op hierdie tafeldoek wat tot op die vloer reik. Tafelmatjies sal baie mooi lyk met net een so 'n mimosatakkie.

LINKS: 'n Reghoekige tafeldoek is versier met 'n ovaal van mimosatakkies.

REGS: Lewensgroot patroon op bl. 139.



VAN BLADSY 29

MATE: Tafeldoek is 1,80 x 1,80 meter groot.

STEKE: Stamsteek, platsteek, blinkertjie-borduurwerk.

AANWYSINGS: Trek die motief 8 keer op materiaal na met behulp van deurslagpapier. Plak 2 motiewe aanmekaar soos op foto gesien kan word. Merk 'n vierkant van 90 x 90 cm in middel van tafeldoek. Plaas motiewe in posisie op hoeke en trek na.

Blinkertjies word so vasgewerk: Steek naald deur agterkant van materiaal deur blinkertjie en deur kraletjie, terug deur blinkertjie en materiaal en na volgende blinkertjie. Blomknoppe en klein blaartjies word met platsteek geborduur, en steeltjies, en buitelyste van groot blare met stamsteek. Soom tafeldoek om.

TAFELDOEK MET SERINGKRAANS

BENODIGDHEDE: 3 stringe groen borduurgare, 1 string violet; lila blinkertjies met deursnee van 5, 6 en 8 mm; lila kraletjies; 1,80 x 1,80 m fletsblou batis.

MATE: Die tafeldoek is rond met 'n deursnee van 1,80 m.

STEKE: Stamsteek, platsteek, blinkertjie-borduurwerk.

AANWYSINGS: Rangskik motiewe deur middelpunt van lap te bepaal en daarna 'n sirkel met 'n straal van ongeveer 47 cm daarop te trek. Die motiewe word aanmekaar vasgeplak en hierop geplaas en nagetrek. Trek patroon 6 keer na met behulp van deurslagpapier. Die blinkertjies word dan aangewerk soos in aanwysings van voorafgaande patroon uiteengesit. Tafeldoek word nou rond geknip en omgesoom met 'n soom van 0,5 cm.

RONDE MIMOSA-TAFELDOEK

BENODIGDHEDE: 5 stringe groen borduurgare, 1 string geel; geel blinkertjies met deursnee van 5, 6 en 8 mm; geel kraletjies; naaswit batis van 3,30 x 1,70 meter.

MATE: Tafeldoek se deursnee is 2,50 meter.

STEKE: Stamsteek, varingsteek, Franse knope, blinkertjie-borduurwerk.

AANWYSINGS: Knip 2 stroke van 40 cm lank af en werk dit met smal nate aan lang sykante van tafeldoek vas om dit in die middel 250 cm breed te maak. Bepaal nou middelpunt en trek 'n sirkel met 'n straal van

125 cm. Knip oortollige materiaal af en soom tafeldoek smal om. Trek die motief 4 keer na op papier, draai dit dan om en trek nog 4 keer na om motiewe in pare te kan rangskik. Plaas motiewe sodanig teenoor mekaar dat die boonste mimosablommetjies aan mekaar raak en plak dit so vas. Trek dan op materiaal na en borduur soos uiteengesit vir reghoekige tafeldoek. Werk netjies af.

REGHOEKIGE MIMOSA-TAFELDOEK

BENODIGDHEDE: 5 stringe groen borduurgare, 1 string geel; geel blinkertjies met deursnee van 5, 6 en 8 mm; geel kraletjies; 1,70 x 2,10 m beige batis.

MATE: Tafeldoek is 2,10 x 1,70 m groot.

STEKE: Stamsteek, varingsteek, Franse knope, blinkertjie-borduurwerk.

AANWYSINGS: Trek die motief 8 keer op papier na. Knip uit en rangskik in 'n ovaal. Plak aanmekaar om verskuiwing te voorkom soos voorheen. Trek motiewe nou op materiaal na. Die blinkertjies word vasgewerk soos uiteengesit vir tafeldoek met sering-takies. Borduur die steeltjies met stamsteek en die knoppe met Franse knope met groen gare. Soom tafeldoek 1 cm breed om.

NA BLADSY 139

ENERGEN-SLIM

DIE MODERNE VERSLANKINGS METODE!

VERSLANK PRIVAAT TUIS

VERSLANK SOOS
TALLE ANDER
... SONDER
HONGERLY!

WAARBORG
Indien u na 30-dae gebruik van "Energen-Slim" kursus nie gewig verloor het nie, word 'n opvolg kursus GRATIS aan u geskenk.

U SAL
VERSTOM STAAN
OOR ENERGEN-SLIM
SE RESULTATE... U
EET U EENVOUDIG
SLANK!



VET IS UIT...

Hierdie Revolutionêre Verslankings-Kursus is spesiaal saamgestel vir persone wat Veilig en Verstandig wil Verslank. Resultate is Gewaarborg. Eet net soos voorheen nog al u gunsteling kosse, asook smul-geregte. Die **Energen-Slim** Kursus sluit in: Smaaklose kapsules en tablette. Onthou u geniet nog drie volle etes per dag, plus lekkernye tussen-in.

Bestel by:
ENERGEN DISTRIBUTORS
POSBUS 66, JAMESON PARK 1492.
(Palmerston Drive. HPK.)



SLANK IS IN...

R600 KONTANT VIR U FOTO'S

Sodra u voldoende verslank het, stuur 'n swart en wit foto van u (geneem voordat u met ENERGEN-SLIM Verslankings-Kursus begin het) asook 'n foto van u nadat u voldoende Verslank het. 'n Kontant bedrag van R600 word aan elke persoon betaal wie se foto ons in reklame of advertensies gebruik.

Mev. Gilbert van Strydomstraat 4, Heidelberg 2400, het die volgende te se: Geagte Meneer, Wees so goed en stuur my nog 'n kursus van u Energen-Slim. Ek wil dit graag byderhand hou indien ek dit dalk weer in die toekoms mag nodig kry. My hartlike dank ook aan u en u firma vir so 'n puik produk. Met die kursus wat ek van u bestel het, het ek van al die onooglike vet om my sitvlak, bo-bene en maag ontslae geraak. Ek is eenvoudig stomgeslaan oor die resultate. Dit is fantasties. Nogmaals baie, baie dankie.

ENERGEN-SLIM is absoluut veilig. Dit bevat geen dwelmiddels nie.



BESTELLINGSKOEPON

Aan: ENERGEN-SLIM, Posbus 66, Jameson Park 1492.

(Palmerston Drive. HPK.)

Menere, ek wil graag vinnig en sonder hongerly verslank. Stuur asseblief DRINGEND my 30 dae ENERGEN-SLIM kuur waarvoor ek posorders, poswissels of kontant ter waarde van R16,00 hiermee insluit.

OF

Ingeslote vind u R4,00 deposito. Die balans van R12,00 plus 50 sent K.B.A.-koste sal by ontvangs deur my betaal word. (Skrap wat nie van toepassing is nie). Let wel: Verkoopsbelasting is reeds by die prys ingesluit.

NAAM Mnr/Mev/Mej.....


(Drukskrif asseblief)

Adres.....

Poskode.....

Datum.....

RR 8/4/81



Die sering- en mimosamotief vir die tafeldoek op bl. 28 en 29. Dit is lewensgroot en word ngetrek op die tafeldoek, indien fyn materiaal gebruik word, en met behulp van deurslagpapier indien dik materiaal gebruik word soos die geval is met ons tafeldoek.